**ONTHOUPAADJIE**

**DIE LEWE OP LAERSKOOL ALLDAYS**

Nic Prinsloo

Dit was van 1947 tot 1953: Daar was so om en by 120 leerlinge in die skool waarvan ongeveer 10 uit die huis uit skoolgegaan het en die res was in die koshuis.



In die beginjare was die koshuis selfvoorsienend en daar was melkkoeie, hoenders en varke. Die seuns moes die stal en die hokke skoonmaak en die dogters het in die washuis en in die kombuis gewerk. Die kinders het ook met die tuin, groente en blomtuin gehelp.

Ons huis was so 35 km van die skool af en op pad skooltoe was daar 21 hekke. Dit was draadhekke of smoelslaners soos hulle genoem is. Menigmaal het die hekke die bestuurder aan die slaap gevang.

My ouers en die bure het beurte gemaak om die kinders skool toe te neem en weer te gaan haal. Ons huis was die bymekaarkomplek. ʼn Paar meter oos van ons huis was daar ʼn droë rivierloop en omtrent ses kilometer daarvandaan was daar weer ʼn droë loop wat ook oorgesteek moes word om op Alldays te kom.

Die gemiddelde reënval was 350 mm per jaar en een oggend het dit heerlik gereën. Die ouers het hul kinders gebring en daar was groot blydskap oor die reën. Voordat die voertuig met die kinders kon vertrek, kom iemand daar aan en sê dat die loop aan die westekant sterk vloei en dat ʼn voertuig nie sou kon deurkom nie. Toe kon ons alreeds hoor hoe die water aan die ooste kant ook sy stem dik maak.

Na 11:00 kon die motor met kinders deur die oostelike loop gaan en verder aan met ʼn ompad oor ʼn ysterklip rand. Die klippe is baie rond en die modder so glad soos seep. Daar sit ons! Dit kan nie vorentoe nie en ook nie agtertoe nie. Die kinders stoot vir al wat hulle werd is. Die motor is vol modder, so ook die kinders. Wanneer daar ʼn klip voor die agterwiel is, rook die band tot die kinders se groot vermaak.

Hoe lank ons daar gesukkel het, weet ek nie maar ons het eers om en by 17:00 by die skool aangekom. Daar het dit nie gereën nie maar ons was vol modder. Die ander kinders by die koshuis het emmersvol tuinwater op ons omgekeer om die ergste modder af te spoel. Op ʼn ander keer weer het dit by die skool gereën en die ooms het ons deur ʼn klein slootjie waardeur die motors nie kon kom nie, gedra.

Van die ander herinneringe is dat daar twee gesinne se kinders was wat op Sondae met ʼn donkiekar koshuis toe gekom het en Vrydae moes hulle die donkies gaan soek om weer huis toe te kan gaan.

Met skoolkonserte het al die kinders deelgeneem – veral in die koor. Hierdie outjie was so onmusikaal dat hy uitgeskop is. Wat sê ek nou vir my ouers, hoekom is ek nie daar nie? Gelukkig was daar nie so iets soos ŉ telefoon nie. Die volgende oggend toe ek wakker word, het ek masels of waterpokkies gehad. Ek weet nie watter een nie maar ek was daarvan verlos om ŉ leuen te vertel.

Een keer was daar ŉ sirkus op Waterpoort, ongeveer 40 km van Alldays af. Mnr. Langley het een van die ouers wat ŉ vragmotor gehad het, aangetree. Al wat ŉ kind is, is met die lorrie sirkus toe. Wat ŉ opwinding was dit nie!

In die Standerd 5-klas was daar ŉ gat in die plankvloer. As ŉ seun pak moes kry, moes hy sy vinger in die gat steek en dan klap die hou op sy sitvlak. As hy regop spring, wil Meneer weet of die muis sy vinger gebyt het en dan moet hy voel of die muis nog daar is.

Sport was daar nie juis nie en mnr. Langley het ons leer boks. Hy was die vader van advokaat Tomas Langley wat later ŉ LV vir Soutpansberg was. In Standerd 5 het ons ŉ atletiekbyeenkoms op Louis Trichardt bygewoon. As ek reg onthou, het ons net vir die 50 en 100 treë item geoefen. Weer is die lorrie nader geroep. Die skoolhoof mnr. Des Ferreira het ŉ plaas met ŉ skuur suid van Louis Trichardt gehad en dit was ons oornagplek. Matrasse is op die vloer gegooi en ons het daar geslaap. Die aand roep mnr. McDonald my nader en sê hy het die middag verneem dat daar ook 'n item vir 200 treë was en ek moes daaraan deelneem. Wat weet ek van so ŉ lang afstand! Hy sê, *Hardloop net so hard as wat jy kan*. Ek weet nie hoeveelste ek by die wenpaal geëindig het nie.

Op ŉ keer was ons met ŉ Sondagskooluitstappie na ŉ warmwaterbron bekend as Bosveldhotel. Dit was die eerste keer dat ek ŉ swembad gesien het en ek kon nie genoeg van die water kry nie. Na middagete kry ons ŉ boodskap dat ons nie nou kan swem nie en ŉ paar van ons gaan sit op die wal en wag vir die teken dat ons weer in die water mag gaan. Die gevolg was dat my rug die volgende oggend net waterblase was en dat ŉ hemp nie naby my lyf kon kom nie. Vir ŉ week was pyn my voorland.

Hierdie stukkie geskiedenis was wel voor my tyd maar dit vertel tog iets van die vroeë lewe in die Bosveld: In die laat twintigerjare of vroeë dertigerjare het die ouers begin om ŉ koshuis op Alldays te bou. Toe die mure ŉ sekere hoogte bereik het, het die Departement oorgeneem. Die ouers moes die beddens voorsien en dié het hulle van die beskikbare hout wat in die bos gekap is, gemaak. Dit het uit ŉ raam wat met ŉ vel oorgetrek is, bestaan. Dit lengte van die bed het by die kind gepas.